Vaalpark Gemeente

Gebedsbulletin
No. 43 van 2022

23 Oktober 2022

Deon Serfontein Tel: (016) 971-3027 Sel: 083-288-7555

Doen die hiernoumaals reg, dan is die hiernamaals vanself uitgesorteer

Die hemel en hoe om daar te kom, is vir party mense die somtotaal van die Bybelse boodskap. Dit gaan vir hulle eintlik net oor die hiernamaals. Die hiernoumaals, waar ons tans leef, is blykbaar nie so belangrik nie. Hierdie fout sluip in, omdat hulle die Nuwe Testament se groot klem op Jesus as die Here miskyk. Al wat baie mense eintlik oor Jesus leer, is dat Hy die Verlosser is wat moet sorg dat mense eendag in die hemel kom. Goddank, Jesus doen dit ook, maar Hy is heel eerste die Here. So leer die Nuwe Testament ons oor en oor. Trouens, die woord “Verlosser” (‘sōter’) kom slegs 24 keer in die Nuwe Testament voor, maar die woord “Here”(‘kurios’) kom meer as 900 keer in verskillende kontekste hier voor.

Jesus het die hemel laat grond raak tussen ons. Hier en nou dien en volg ons Hom as Heer en as Verlosser. Hier en nou laat ons Sy lig in ons omgewing skyn. Hier en nou gehoorsaam ons Hom en doen ons wat Hy van ons vra. Terloops, wanneer ons hier en nou vir Jesus te leef as ons Heer en ons Verlosser, sal die hiernamaals vanself uitgesorteer wees.

deur Stephan Joubert

Gemeente – Algemeen

-Dank GOD vir Radiokansel & al die ander radiostasies wat SY Naam groot maak
-Bid vir Vaalpark gemeente se werksaamhede en elkeen wat ook leiding neem in die gemeente
-Bid vir die eredienste; ons lidmate; Onbeperk en ons predikante

Voorbidding vir lidmate

Lottie Conradie
Marinda Jordaan
Johan Kotzé
Ria Putter
Janine Vorster
Maria Steyn
Sampie Swart
Hanna Pienaar
Oom Eberhard Carshagen
Suzelle Barkhuizen
Tannie Bets Coetzee
Annika Kilian
Lilian van Zyl
Lucinda Graaff
Martie van Staden
Susan van Zyl
Gert Keulder
Louis Strauss
Ina van der Merwe
Jaap Naudé
Philip de Jager
Wally Fourie
Lettie Bezuidenhout
Corrie Botha
Jan-Harm Pretorius
Louise Claasen
Heleen Lamont
Heleen Jv Vuuren

Ons innige meegevoel aan Tannie Sus, kinders, kleinkinders en familie met die afsterwe van Oom Hannes Stoltz

Onthou om te onthou . . .

Byvoorbaat baie dankie vir jou dankoffer . . .
ABSA Sasolburg; Tjek Rekening
Rekno.: 0520580654
Takkode: 632005

Dank Gebede

-Dankie HERE vir elke nuwe dag wat U my skenk

-Dankie dat U, U **ENIGSTE SEUN** gestuur het om vir my aan die houtkruis te sterf

-Dankie HERE dat ek kan sit, opstaan, loop, lag, ruik, hoor, proe & omgee & dankie HERE dat U altyd saam met my die pad loop!

-Dankie my GOD vir elke gebed wat gebid word & vir elke gebed wat U verhoor. Dankie dat U ons hand nooit sal los nie.

- Dankie vir U ***wondergroot genade***...

- HERE, ek het U lief! AMEN

Gedagte vd week

Rig gebedsbulletin versoeke direk aan Deon Serfontein of handig by Kerkkantoor in.